

**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2013

# GESKIEDENIS V1
# ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 10 bladsye.

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 1: HOE HET DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS BYGEDRA TOT KOUE-OORLOGSPANNING TUSSEN DIE VSA EN RUSLAND IN DIE 1960's?**

**BRON 1A**


Die volgende bron is 'n uittreksel geneem uit N. Chroesjtsjof se *memoires*, geskryf in die laat 1960's, wat die ontplooiing van die Sowjet-missiele in Kuba regverdig.

Almal het saamgestem dat Amerika Kuba nie sal uitlos tensy ons nie iets gedoen het nie. Ons het 'n verpligting gehad om alles in ons vermoë te doen om Kuba se bestaan as 'n Kommunistiese land, en as 'n werkende voorbeeld aan ander lande in Latyns-Amerika, te beskerm. Ek wil een ding baie duidelik maak. Ons het geen begeerte gehad om 'n oorlog te begin nie. Net 'n dwaas sou dink dat ons die Amerikaanse vasteland wou binneval vanaf Kuba. Ons doel was die teenoorgestelde. Ons wou die Amerikaners verhoed om Kuba binne te val.

[Vanuit: *Essential Modern World History* deur S. Waugh]

**BRON 1B**

Hierdie foto was geneem tydens die toppunt van die Kubaanse missielkrisis.





[Vanuit: transgriot.blogspot.com]

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**BRON 1C**

Hierdie spotprent was in die *Daily Express* gepubliseer, 'n Britse koerant, in Oktober 1962. President Kennedy en Chroesjtsjof word gesien as cowboys; Kastro is op die donkie.




[Vanuit: *Modern World History* deur N. Kelly en G. Lacey]

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 2: WAS JULIUS NYERERE SE BELEID VAN SOSIALISME 'n SUKSES IN TANZANIË?**

**BRON 2A**

Die volgende uittreksel gee 'n beter begrip van wat Nyerere bedoel het met Ujamaa.


'Ujamaa', destyds, of 'familie', beskryf ons sosialisme. Dit is gekant teen kapitalisme, wat daarop gemik is om 'n gelukkige samelewing te bou op die basis van die uitbuiting van die mens deur mens; en dit is net so gekant teen die filosofie van sosialisme, wat daarop gemik is om 'n gelukkige samelewing te bou op die filosofie van die onvermydelike konflik tussen mens en mens. Ons, in Afrika het nie nodig om na sosialisme te 'bekeer' of om oor demokrasie "geleer" te word nie. Albei is gewortel in ons verlede – in die tradisionele samelewing, wat ons geproduseer het.

Ujamaadorpe is veronderstel om sosialistiese organisasies te wees wat deur die mense geskep is en beheer word deur diegene wat in hulle woon en werk ... Niemand kan gedwing word na 'n Ujamaadorp nie ... 'n Ujamaadorp is 'n vrywillige vereniging van mense wat vrywillig besluit het om saam te leef en saam te werk vir gemeenskaplike voordeel ... dit is belangrik dat dit deeglik verstaan word.

[Vanuit: *Ujamaa, die Basis van Afrika-sosialisme* deur J. Nyerere]

**BRON 2B**

Hierdie bron verduidelik die suksesse van die Ujamaabeleid tussen die jare 1967 en 1978.




[Vanuit: *History for all* deur Elsabe Brink et al]

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 3: WATTER VORME VAN BURGERLIKE VERSET HET IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) IN DIE 1960's PLAASGEVIND?

### BRON 3A

Dit is 'n uittreksel vanuit 'n toespraak deur Martin Luther King Jr. op 28 Augustus 1963 op die trappe van die Lincoln Memorial.

Ons is vertroud met (gewoond) aan vernedering, met beledigende taal, en ons is gedompel in die afgrond van onderdrukking. En ons het besluit om in opstand te kom met die wapen van protes alleenlik. Dit is een van die grootste heerlikhede van Amerika dat ons die reg het om te protesteer.

As ons elke dag in hegtenis geneem word, as ons elke dag uitgebuit word, as ons elke dag vertrap word; moet nooit toelaat dat iemand jou so laag sal trek dat jy hulle haat nie. Ons moet die wapen van liefde gebruik teen diegene wat ons haat. Ons moet deernis (empatie) en begrip het vir diegene wat ons haat. Ons moet besef dat so baie mense geleer word om ons te haat, dat hulle nie geheel en al verantwoordelik is vir hul haat nie. Maar ons staan in die middernag van die lewe; en ons is altyd op die drumpel van 'n nuwe dagbreek.

*afgrond – diep gat

[Vanuit: *People's History of the United States* deur H. Zinn]

### BRON 3B

James Zwerg was ernstig beseer en in die pad gelaat vir meer as 'n uur. Blanke ambulanse het geweier om hom na die hospital te neem. Hy het later in die hospitaal 'n onderhoud  met verslaggewers gevoer

Segregasie moet gestop word. Dit moet afgebreek word. Diegene van ons wat op die Vryheisritte is, sal voortgaan. Maak nie saak wat gebeur nie, ons is toegewyd hieraan. Ons is bereid om aangerand te word. Ons is bereid om die dood te aanvaar. Ons sal voortgaan om voort te gaan totdat ons enige plek in die Suide kan ry.

[Vanuit: www.spartacushistory.com]

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**BRON 3C**

Hierdie bron verduidelik die konserwatiewe houding van die mense van Mississippi teenoor die Kiesersregistrasie Veldtog en was in die *Lowell Liberator* (Junie 1964) gepubliseer.

ʼn Duisend kollege studente uit die Noorde is na berigte besig om na Mississippi op te ruk hierdie somer om betrokke te raak in ʼn Negro kiesersregistrasie-veldtog. Dit is ongelooflik om te kan dink dat ʼn duisend kollege-studente dit sou doen uit hul eie wil. Diegene wat die weë van propaganda ken, veral van ʼn kommunistiese aard, sal waarskynlik korrek vermoed dat ʼn paar baie harde linkse politici en Kommuniste die idealisme van ʼn paar kollege jongmense misbruik het om hul doelwit te bereik – om moeilikheid in die Suide aan te hits

Hierdie koerant het ʼn geruime tyd gelede daarop gewys dat dit deel was van die Kommunistiese plan in die Verenigde State, om rasse-twis op te wek. Die uiteindelike doel is ʼn swart rewolusie. Die opmars na Mississippi hierdie somer is deel van hierdie plan.

Hierdie jongmense wat na Mississippi opmars het opleidingskole bygewoon wat as aanhitsend beskryf kan word. Die naïewe onervarenheid van hierdie jongmense is uitgebuit en hulle is opgemaak deur die verhale van gruwels en geweld wat eenvoudig nie in Mississippi bestaan nie.

Heeltemal afsydig van die arrogansie en die heiliger-as-dié-houding van hierdie kollege-studente wat na Mississippi gaan met geen kennis van die Negro-probleem nie, staan die werklike ernstige aspek van hierdie opmars ... (dat dit) deel is van ʼn algehele plan om die Verenigde State te vernietig deur middel van ʼn rasse-oorlog.

*aanhitsend – skrywe wat kwaadheid sal veroorsaak.

*naïewe – gebrek aan ondervinding

[Vanuit: www.spartacushistory.com]

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 4: HOE HET STEVE BIKO EN DIE SWART BEWUSSYNSBEWEGING (SBB) BYGEDRA TOT DIE BEVRYDINGSTRYD VAN SUID-AFRIKA GEDURENDE 1970's?**

**BRON 4A**

Hierdie uittreksel gee ŉ uiteensetting van hoe Biko die filosofie van Swart Bewussyn verstaan het.

| |
|---|
| Swartes is diegene wat deur die wet of tradisioneel polities, ekonomies en sosiaal teen gediskrimineer was as ŉ groep in die Suid-Afrikaanse samelewing en identifiseer hulself as ŉ eenheid in die stryd vir die verwesenliking van hul aspirasies ... Om Swart te wees, is nie ŉ kwessie van pigmentasie nie – om Swart te wees, is ŉ weerspieëling van ŉ geestelike houding ... Deur jouself as swart te beskryf het jy begin met die pad na emansipering, jy het jouself verbind om te veg teen al die magte wat jou swartheid gebruik as ŉ stempel wat jou merk as ŉ ondergeskikte (volgeling en gehoorsamige aan gesag) wese.<br><br>Swart Bewussyn versoek ... dat swart mense die waarde van hul eie standaarde en vooruitsigte moet sien ... om hulself te oordeel volgens hierdie standaarde en nie deur die blanke samelewing mislei word wat hulself verkalk het en blanke standaarde as maatstaf gebruik waarmee selfs swart mense hulself oordeel nie. Die mees magtigste wapen in die hande van die verdrukker is die verstand van die onderdruktes. ŉ Volk sonder ŉ positiewe geskiedenis is soos ŉ voertuig sonder ŉ enjin. |

*emansipering – gee mense dieselfde regs, politieke en sosiale regte soos ander.

[Vryelik vertaal en aangepas vanuit: www.africahistory.about.com/od/bikosteve/ Afgelaai 14 April 2012]

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**Bron 4B**

Hierdie foto wys hoe die *South African Students Movement* (SASM) geïnspireerd deur Biko se nalatenskap, protesteer teen die gebruik van Afrikaans in skole op 16 Junie 1976, Soweto.




[Vanuit: *Looking into the Past* deur Dyer, C. et al]

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON 4C**

Hierdie bron hieronder verwys na die Swartbewussynsbeweging (SBB).

| |
|---|
| Dit het die hele blanke magstruktuur in Suid-Afrika uitgedaag deur die verskaffing van alternatiewe strukture. Totdat hulle vertroue in hulself en hul gemeenskap verkry, het Biko gesê sal swart mense nooit hul vryheid kry nie en om hul vertroue te herwin moet hulle hul afhanklikheid van blankes beëindig. Saam met vriende het hy die Swart Gemeenskapsprogramme gestig waar Swart mense mekaar gehelp het sonder blanke bystand. Die Swartbewussynsbeweging het ŉ verskeidenheid van programme gebruik, – klinieke, kleuterskole en opleiding in geletterdheid gehad wat na die massas uitgereik het. Maar, alhoewel dit ŉ stelsel van omvattende plaaslike komitees suksesvol geïmplementeer het om georganiseerde weerstand te fasiliteer, is die SBB egter uitgegroei (verwoes) deur sekuriteitsoptrede teenoor sy leiers en maatskaplike programme. Teen 1976 was 123 sleutellede verban en beperk tot verafgeleë landelike distrikte. Teen 1977 was alle SBB-verwante organisasies verban, baie van sy leiers in hegtenis geneem en maatskaplike programme ontbind. |

[Vanuit: *I Write What I Like* deur Steve Biko]

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**ERKENNINGS**

Bullard, S. 2000. Free at Last: *A History of the Civil Rights Movement and Those Who Died in the Struggle* (Oxford; Heinemann)
Dyer, C. et al. 2007. *Looking into the Past* (Maskew Miller Longman)
Friedman, M. et al.2005. *Focus on History* (JutaGariep)
Kelly, N and Lacey, G, 1999. *Modern World History* (Heinemann)
Meredith, M. 2005. *State of Africa: History of Fifty Years of Independence* (Jonathan Ball)
Nyerere, J. 1968. *Ujamaa, the Basis of African Socialism* (Edward Arnold)
Paczuksa, A. 1986. *Socialism for Beginners* (Unwin)
Powaski, R.E. 1998. *The Cold War: The United States and the Soviet Union*, 1917 – 1991 (Oxford)
Waugh, S. 2001. *Essential Modern World History* (Nelson Thornes)
www.africahistory.about.com/od/bikosteve/
www.sbf.org.za.
Zinn, H. 1980. *A People's History of the United States* (Oxford)
*I Write What I Like* deur Steve Biko
*History for all*: Elsabe Brink et al.

Downloaded from eduresourceza.com